

20

NOU WORD EK GROOT

Volgende jaar in die hoërskool

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet weet dat God die lewenspad saam met hulle stap en hulle nooit alleen los nie.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet weet dat 'n mens voortdurend nuwe fases in jou lewe betree.

Gesindheid

Die kinders moet vertrou dat God altyd by hulle is.

Vaardigheid

Die kinders moet vrae beantwoord oor hulle vrese vir volgende jaar in die hoërskool.

MEER INLIGTING (Psalm 23)

Die kernboodskap van Psalm 23 is om te sê dat dit nie saakmaak waar 'n mens gaan of wat met jou gebeur nie, God is altyd by jou. God het belowe dat Hy ons God sal wees. Hy sal ons sien, vir ons sorg en goed wees vir ons.

Ons het dit in Les 1 ook geleer. God het met Abraham 'n verbond gesluit en gesê dat Hy altyd sy God sal wees en ook die God van sy nageslag. Die skrywer van Psalm 23 is so seker hiervan dat hy sê hy kom niks kort nie, hy het alles wat hy wil hê, want die Here is sy Herder, die Here sorg vir hom. Daaraan sal hy nooit twyfel nie.

Wanneer die skrywer van hierdie psalm vertel hoe God vir hom sorg, gebruik hy 'n beeld wat op baie plekke in die Bybel voorkom – dié van 'n herder wat sy skape oppas. Soos wat 'n herder sy skape oppas, so sê die psalmdigter, pas God sy kinders op. Wanneer ons dink aan 'n herder wat sy skape oppas, dink ons gewoonlik aan skape wat wei op die groen gras en die herder wat in die skaduwee van 'n boom sit en na die skape kyk. Wat ons vergeet, is dat dit eintlik 'n gevaarlike werk is om skape op te pas. Die herder moes kyk dat die skape nie deur wilde diere gevang word nie. Wanneer wilde diere naderkom, moet die herder hulle verjaag. Hy stel dus sy eie lewe in gevaar om te verseker dat die skape veilig is.

In die tyd van die Bybel was daar nie krale vir die skape soos wat ons dit vandag ken nie. Vandag word skape in hulle kraal toegemaak in die nag, en die skaapwagter gaan slaap. In die tyd van die Bybel was 'n kraal net 'n lae muurtjie, en daar was nie 'n hek wat toegemaak is nie. Die herder het in die nag in die ingang van die kraal geslaap. As iemand 'n skaap wou steel, moes hy eers by die herder verbykom. Dit is nog 'n manier waarop die herder gesorg het dat sy skape veilig is.

Wanneer die psalmdigter praat van groen weivelde, moet ons in gedagte hou dat dit 'n woestyn was waar hy gewoon het. Daar was nie volop groen gras en water soos by ons nie. Hy gebruik hierdie beeld om te sê dat wanneer die Here jou Herder is en vir jou sorg, word moeilikhede en bekommernisse wat so moeilik soos 'n woestyn is, soos groen gras met water waar dit rustig is. God maak dit rustig in ons. Enige bekommernis of onsekerheid wat ons oor die toekoms mag hê, kan ons na God toe vat. Hy sal ons help soos Hy dink dit die beste is. Daardie gemoedsrus laat dit vir ons so rustig voel soos by waters waar daar rus en vrede is.

Die skrywer van hierdie psalm sê ook dat al gaan hy deur donker dieptes, sal hy nie bang wees nie, want ook daar is God by hom. Hier leer ons iets baie belangrik. Om kinders van God te wees, beteken nie dat daar nooit iets in ons lewens sal wees waarvoor ons bang of waaroor ons onseker is nie. Om 'n kind van God te wees en te weet dat Hy jou Herder is, beteken dat al gebeur daar dinge wat jou onseker, hartseer en dalk bang maak, die Here steeds by jou is. Onthou, Hy het 'n verbond met ons gesluit, 'n ooreenkoms met ons gemaak dat Hy ons nooit alleen sal los nie. Hy sal dit ook nie doen daar waar ons bang of onseker is oor ons toekoms nie.

Julle begin ook volgende jaar met 'n nuwe, vreemde, onbekende deel van julle toekoms. Julle gaan hoërskool toe. God oorlaai ons met sy goedheid en liefde, en daarvan kan ons seker wees vir die res van ons lewens – ook wanneer ons volgende jaar met 'n nuwe deel van ons lewe begin.

Baie maal is 'n mens bekommerd oor nuwe dinge wat vir jou voorlê. Onthou altyd hierdie een ding: Nuwe dinge gebeur selfs al is jy oud. Dit hou nooit op nie. En dit is doodnatuurlik om onseker en bang te wees. Jy weet mos nie wat lê vir jou voor nie. Die Here het ook nooit gesê dat ons nie probleme sal hê nie. Hy het wel bewys dat Hy by sy kinders is selfs en veral as daar probleme is. *Selfs al gaan ek deur donker dieptes, sal ek nie bang wees nie, want U is by my. In u hande is ek veilig*, sê die psalmdigter. Jy kan altyd op die Here vertrou. Jy hoef nie onnodig bang of bekommerd te wees oor jou toekoms nie. God is altyd by ons. Hy los ons nooit alleen nie. Hy het dit belowe.

AANBIEDING

JY HET NODIG

- Die Bybel.
- Plakkaat om in die klas op te sit met die volgende woorde: *Selfs al gaan ek deur donker dieptes, sal ek nie bang wees nie, want U is by my. In u hande is ek veilig* (Psalm 23: 4).
- A4-papier vir elke kind.
- Een blanko kaartjie vir elke kind.

KOM ONS BEGIN

- Deel blanko kaartjies uit. Laat die kinders daarop skryf waarvoor hulle bang is vir volgende jaar. Neem die kaartjies in. Lees een of twee vrese op elke kaartjie voor.
- Open met gebed en vra die Here om die genoemde vrese weg te neem.

HET HULLE ONTHOU?

- Kontroleer of hulle ouers aan hulle die inhoud van die vrae waarop lidmate antwoord wanneer hulle belydenis van geloof aflê, verduidelik en laat invul het. Indien nie, verduidelik weer.
- Vra van die kinders om die vrae wat by die vorige les by **BY DIE HUIS** oor openbare geloofsbelijdenis gevra word, op te sê.
- Vind uit wie vir een van hulle vriende vertel het dat hulle in graad 11 die beste ding in die lewe gaan doen: *Ek gaan openbare belydenis van geloof aflê.*

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

'n Mens betree voortdurend nuwe fases in jou lewe. Die een jaar is jy oud genoeg om kleuterskool toe te gaan. Nie lank nie, of 'n nuwe fase in jou lewe het begin. Nou is jy in die laerskool. Jy gaan ook kategeese toe. Jy begin meer van die erediens verstaan en jy leer meer van die Kerk, van die Bybel en van die Here. As jy klaar is met die kategeese, lê jy openbare belydenis van geloof af en is jy 'n belydende lidmaat van die gemeente. In die skool werk dit ook so. As jy klaar is met die laerskool, gaan jy hoërskool toe. As jy klaar is met die hoërskool, gaan jy universiteit toe of jy begin werk.

Soms is 'n mens bang en onseker wanneer 'n nuwe fase in jou lewe aanbreek, maar ons kan verseker weet dat ons nooit alleen is nie en dat God altyd by ons is, ook wanneer ons hierdie nuwe fase betree.

IETS INTERESSANT

Dra die inhoud van MEER INLIGTING oor deur die volgende beelde in Psalm 23 te gebruik:

1. Die Here is my Herder. Soos wat 'n herder sy skape beskerm en die gevaar van wilde diere en rowers van hulle af weg hou, doen die Here dit ook vir ons. Hy is bereid om, net soos 'n herder, sy lewe op die spel te plaas sodat ons veilig kan wees. Die Here sorg vir ons omdat Hy vir ons lief is. Daarom kom ons niks kort nie. Hy het belowe dat Hy ons altyd sal beskerm en deur gevare sal dra. Daarom hoef ons nie onnodig bang te wees nie.
2. Hy laat my rus in groen weivelde. Hy bring my by waters waar daar vrede is. Die omstandighede waarin die skrywer van hierdie psalm geleef het, was 'n woestyn. Groen gras en waterstrome was nie volop nie. As die Here jou Herder is en vir jou sorg, verander omstandighede wat in jou lewe soos 'n woestyn voel – eensaamheid, gevare, min lewensmiddele, bang wees om dood te gaan, en baie ander. Dit verander in groen weivelde en waters waar daar rus is, omdat God altyd by jou is om jou te beskerm. God maak dit rustig in ons. Enige bekommernis of onsekerheid wat ons oor die toekoms

mag hê, kan ons na God toe vat. Hy sal ons help soos Hy dink dit die beste is. Daardie gemoedsrus laat dit vir ons so rustig voel soos by waters waar daar rus en vrede is.

3. *Al gaan ek deur donker dieptes, sal ek nie bang wees nie. Al gebeur daar dinge wat my onseker en bang maak, kan ek weet dit is nie nodig dat ek onnodig bang hoef te wees nie, want die Here is my Herder. Die herderstaf of kiere is in sy hande. Die Ou Bybelvertaling lees: "Al gaan ek ook in 'n dal van doodskaduwee, sal ek nie bang wees nie. U stok en u staf, dié vertrou my". Met die stok en die staf het die herder voor groot afgronde sy skape uitgehaak en gekeer dat hulle hulle doodval. Ons Herder, Jesus, het ook gekeer dat ons ons doodval, en verseker dat ons lewe tot in ewigheid.*
4. *Verduidelik hoe hierdie drie beelde uit Psalm 23 hulle volgende jaar kan help in die hoërskool. Gee elke kind geleentheid om 'n verband te trek tussen die betekenis van hierdie beelde in Psalm 23 en dit wat volgende jaar in die hoërskool voorlê. Laat hulle dit in hulle eie woorde met die res van die groep deel.*

IETS BELANGRIK

- *Vra rond en bont wat hulle boeties, sussies of ander graad 8's se antwoorde by verlede week se BY DIE HUIS was oor hulle vrese vir volgende jaar. Daar gaan baie goeie en snaakse antwoorde uitkom. Ignoreer dit en gee die volgende antwoorde:*
 - *Sal die akademie baie erger wees, en hoe gaan ek die akademiese uitdagings kan baasraak? Die standaard is volgens julle intelligensievlak bepaal, jy is mos volgende jaar baie slimmer... Jy moet net volgens jou vermoë hard werk en nooit agterraak nie. Werk saam met die eise wat gestel word.*
 - *Vakkeuse: Met watter nuwe vakke gaan ek te doen kry? Elke hoërskool stuur vir jou binnekort inskrywings- en vakkeusevorms. Die meeste vakke is dieselfde as op laerskool, daar is tot einde graad 9 nie baie verskille nie.*
 - *Sal dit baie moeiliker wees as op laerskool? Sal ons baie meer toetse en eksamens skryf? Ja, julle gaan dalk meer toetse en moeiliker eksamens skryf. Daar word elke week by verskillende skole op verskillende dae toetse geskryf. Gewoonlik word twee verskillende toetse geskeduleer, miskien op 'n Dinsdag- en Donderdagoggend. Elke vak kry dalk ook een kwartaaltoets, asook klastoetse om vordering te monitor. Twee maal per jaar is daar gewoonlik eksamen.*
 - *Sal die kompetisie op sportgebied baie erger wees? Sal ek nog steeds my droom met rugby, netbal, hokkie, krieket of atletiek kan uitleef? Jou sportdrome sal nou op hoërskool eers regtig bewaarheid word. Dit is heerlik kompetierend en jy word uitgedaag om hard te oefen. Daar is meestal goeie afrigters.*
 - *Sal ek nuwe cool vriende kan maak? Is groepsdruk in die hoërskool regtig so erg soos almal sê? Dit is belangrik om altyd deel van 'n groep te voel, en jy sal dalk lus kry om deel van die "cool" groepe te word, maar kies jou vriende versigtig. "Cool" is nie altyd noodwendig goed en die beste nie. Moenie keuses maak net om deel van die "cool" ouens te wees nie. Negatiewe groepsdruk is 'n gevaarsonne in die hoërskool.*
 - *Sal die onderwysers op hoërskool baie strenger en meer veeleisend wees? Hoe kan ek hulle tevrede hou? Die onderwysers is 'n veilige hawe waarby jy kan aandoen. Hulle help graag die nuwelinge en is daar om julle te beskerm en te lei. Natuurlik sal hulle kwaai wees as jy nie jou kant bring nie; sorg dus dat jy jou samewerking gee en voldoen aan die eise.*

- Almal sê daar is nie meer ontgroening nie, maar is dit regtig waar? Wat beteken 'n oriënteringsprogram nou eintlik? *Ontgroening is definitief volgens wet verbode, maar elke skool gebruik sy leiers en graad 8-onderwysers om jou deur 'n oriënteringsprogram te help. Dit behels dat jy met leiding aan alle fasette van die hoërskool blootgestel word en om jou te help om by alle aktiwiteite in te skakel. Hiermee word jy baie gou deel van die hoërskoolgemeenskap en is die aanpassing baie makliker. Onthou: 'n Betrokke leerder is 'n gelukkige leerder!*
 - Die matrieks! Moet ek vir hulle bang wees? *Die matrieks tree op as julle mentors. Dit beteken hulle is daar om te help en julle betrokke te kry. Die matriekleiers is daar om julle teen boelies te beskerm, en julle voogonderwysers sal julle nooit vir die wolwe gooi nie.*
 - Is die skoolreëls baie strenger? Hoe mag ek my hare dra? Wat van die lengte van my rok, ensovoorts? *Skoolreëls is streng om dissipline in enige skool te vestig. 'n Skool is trots op sy leerders wat nie dwarstrek nie en wat die reëls respekteer omdat hulle self die naam van die skool wil hoog hou. Dis altyd belangrik om binne die reëls te bly – dit is ook 'n Bybelse beginsel. Jou nuwe skooldagboekie behoort al die reëls mooi uiteen te sit, en die leiers en onderwysers sal jou begelei.*
 - Sal ek baie meer sakgeld nodig hê? *Sakgeld kan net soos op laerskool bestuur word. Die baie uitgawes aan ontspanning kan goed beplan word deur so gou moontlik te leer hoe om vir elke maand te begroot. Dit is 'n goeie beginsel om vroeg-vroeg aan te leer. Jou ouers speel hierin 'n bepalende rol, en jy moet dit respekteer.*
- Beklemtoon dat onsekerheid oor 'n onbekende toekoms nie iets is waarvan God se kinders vrygestel is nie, maar dat hulle die versekering het dat God altyd by hulle is. God loop die lewenspad saam met sy kinders.
 - Beklemtoon hierdie vers en plak die plakkaat teen die muur om vir die res van die jaar daar te bly. *Selvs al gaan ek deur donker dieptes, sal ek nie bang wees nie, want U is by my. In u hande is ek veilig* (Psalm 23: 4).
 - Vra vir die kinders om voorbeelde te noem van waar hulle of hulle ouers in die moeilikheid was en die Here hulle daaruit gehelp het. Verwys na voorbeelde uit ons eie geskiedenis, byvoorbeeld Bloedrivier, Boereoorlog, ensovoorts. En die belangrikste: Verlossing van die sonde en die ewige dood.

IETS OM TE DOEN

Gee vir elke kind 'n A4-papier. Laat hulle op die een kant die dinge teken waarvoor hulle bang is, en aan die ander kant die dinge waarna hulle uitsien in die hoërskool. Laat elkeen sy of haar tekening verduidelik.

BY DIE HUIS

DOEN

- Laat hulle vir iemand in graad 8 gaan vra om hulle meer te vertel van die dinge waarvoor hulle bang was in die hoërskool en hoe hulle dit oorbrug het. Laat hulle dit volgende week kom deel met hulle maats in die kategeese.
- Laat hulle vir 'n vriend op die selfoon hieronder Mxit (in SMS-taal) waarna hulle uitsien in die hoërskool.



LEER

Laat hulle die volgende gaan leer:

- Die Here is altyd by ons.
- Die Here los ons nie alleen wanneer ons onseker en bang is oor ons toekoms nie.
- Volgende jaar in die hoërskool loop God elke tree van die pad saam met my.
- *Selfs al gaan ek deur donker dieptes, sal ek nie bang wees nie, want U is by my. In u hande is ek veilig (Psalm 23: 4).*

AFSLUITING

Sluit af deur Psalm 23: 1 van Lina Spies in die Liedboek voor te lees, en daarna verse 2 en 3 te bid.

Die Here is my herder en bewaarder: Ek kom niks kort nie; daar is niks wat my ontbreek. In groene weiveld en by stille water laat Hy my uitrus in 'n bar en dorre streek. Die steiltes ken Hy en die skerpste draaie: Hy rig my altyd op die regte paaie.

Ons Vader in die hemel,
 nie een sal U ooit van u skaap berowe:
 U is by my in diep en donker klowe.
 Wanneer ek afdwaal, haak u staf my nader

*en met u stok verdryf U die gevare.
By U is ek beveilig en geborge:
Bevry is ek van vrese en van sorge.*

*U dek in my teenwoordigheid 'n tafel:
My vyande kyk toe en staan verslae!
U vul my beker, voed my en verheug my;
u goedheid volg my al my lewensdae.
Ek ken u liefde en u gunsbetoning
en bly 'n leeftyd, Here, in u woning. Amen.*

BELANGRIK

Onthou nou reeds om met die dominee 'n afspraak te maak om Les 23 te kom aanbied.